



ROSEAKAKTUS

deur HILDEGARD DE BEER
Onderafdeling Onkruiden en Plaagdoders
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Roseakaktus (*Opuntia rosea* D.C.; familie Cactaceae) is 'n relatief nuwe onkruid in Suid-Afrika, maar besit die vermoë om selfs groter probleme op te lewer as die berugte litjieskaktus (*O. aurantiaca*) wat die land jaarliks byna 'n miljoen rand kos om te beheer.

Roseakaktus is dig oortrek met venynige dorings wat diere kan beseer. Dit vervuil baie maklik deurdat enige deel van die plant wat afbreek aan 'n nuwe plant oorsprong kan gee. Gevolglik verdring dit die inheemse plantegroei en verlaag die dra vermoë van die grond. In Engels word die naam "rosea cactus" ook algemeen gebruik.

MORFOLOGIESE BESKRYWING

Roseakaktus is 'n stewige, kompakte, meerjarige vetplant wat 'n hoogte van 1,5 m bereik. Dit bestaan uit 'n regop stam wat op die punt vertak in 'n groot aantal silindriese, half-geboë stingellitte. Op die stingellitte kom daar spiraalgerangskikte

FIG. 1 - Roseakaktus met blom (*Opuntia rosea*)



FIG. 2 - Besmetting van roseakaktus naby Douglas

knoppe (of sg. areole) voor, wat elkeen gewapen is met tot 20 lang, wit tot gelerige, spreidende dorings. Hierdie dorings, wat 25 tot 40 cm lank word, is bedek met 'n wit, poeieragtige omhulsel wat maklik verwyder kan word, en is so dig dat die stingellitte skaars sigbaar is. Die dorings is voorsien van weerhake, en wanneer dit deur die vel van diere dring, word dit al dieper ingetrek. Dit is ook die rede waarom die litte so maklik aan verbygaande voorwerpe vasklou. Die stingellitte is ongeveer 10 tot 20 cm lank, en 2 tot 4 cm in deursnee. Die groter stingellitte dra 'n aantal kleiner litte wat by die geringste aanraking afbreek en aan feitlik enige voorwerp vasklou wat daarteen skuur. Aangesien daar geen egte blare voorkom nie, neem die groen stingellitte die fotosinterende funksie van die blare oor.

Tussen November en Januarie dra die plant groot, donkerpienk blomme, ongeveer 3 cm in deursnee. Die kroonblare, wat in drie of vier rye gerangskik is, is agtertoe gebuig om 'n skerp hoek te vorm. Die blomme gee oorsprong aan harde, ovaalvormige, gelerige vrugte, ongeveer so groot soos koejawels wat egter slegs steriele sade bevat. Op die vrugte kom daar ook knoppe met groepies dorinkies voor, maar hierdie dorinkies is baie kleiner as dié op die stingellitte.

Die toukaktus (*O. imbricata*) wat ook 'n onkruid in Suid-Afrika is, het net soos die roseakaktus ook donkerpienk blomme, maar kan maklik van laasgenoemde onderskei word omdat die dorings ligbruin en yl versprei is, terwyl die plant self 'n oop voorkoms het en 1 tot 3 m hoog word. Die litjieskaktus (*O. aurantiaca*) het geel blomme, die stingellitte is effens afgeplat en die dorings is sonder 'n omhulsel, terwyl die plant meestal net 0,5 m hoog word.

VERSPREIDING

Hierdie onkruid is inheems in Mexiko, van waar dit redelik onlangs as 'n sierplant vir rotstuine na Suid-Afrika ingevoer is. Dit is nie as onkruid bekend in ander dele van die wêreld nie.

In Suid-Afrika is die besmetting nog beperk tot vyf plase in die OVS en Noord-Kaap. Die ergste besmetting kom in die Herbertdistrik naby Douglas in die Gebroke Veld van die Oranjerivier voor, maar die plant is ook reeds by Vryburg, Jan Kempdorp en Hartswater opgemerk. 'n Totale oppervlakte van 5187 ha is met roseakaktus besmet. Hierdie besmetting het ontstaan deurdat die plant vanaf 'n rotstuintuin op een van die plase na die veld begin versprei het. Aangesien die plant reeds deur vetplantversamelaars in baie rotstuine aangeplant is,

bestaan die gevaar dat dit van daar na feitlik alle droër plantegroeitipes van die Kaap kan versprei, asook na die Vrystaat en Transkei.

GROEI EN REPRODUKSIE

Die roseakaktus plant uitsluitlik voort deurdat enige deel van die plant, insluitend die vrugte, wortel skiet as dit op die grond beland, en sodoende oorsprong gee aan 'n nuwe plant. Die groot stingellitte vorm kleiner litte wat baie maklik loskom, en met behulp van dorings en weerhake aan enige mens, dier, plaaswerktuig of voertuig vasklou wat daaraan raak. Op hierdie manier word die litte oor groot afstande versprei. Die onkruid neig om die dravermoë van die weiveld aansienlik te verlaag, aangesien dit die natuurlike plantegroei verdring.

Voortplanting deur middel van sade vind nie plaas nie, aangesien die vrugte slegs steriele sade produseer.

WETGEWING

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 1983 (Wet 43 van 1983) is roseakaktus tot 'n onkruid verklaar, wat impliseer dat niemand dit mag versprei of toelaat dat dit versprei word nie. Ingevolge hierdie wetgewing mag roseakaktus nie binne 'n stadsgebied voorkom nie, en indien dit op enige plaaseenheid in die Republiek voorkom, moet dit doeltreffend beheer word.

BEHEER

Aangesien die verspreiding van die onkruid tot dusver nog so beperk is, moet die beheer daarvan gemik wees op die voorkoming van die verspreiding daarvan na onbesette gebiede. Daarom is dit baie belangrik dat boere en tuiniers in staat moet wees om die plant te herken waar dit in die veld of in tuine voorkom. Alle persone moet ook bewus wees van die gevare daarvan. Elke eksemplaar behoort uitgeroei te word, selfs alleenstaande plante, aangesien enige bestaande plant 'n nuwe bron van besmetting is.

Meganiese beheer is ondoeltreffend weens die vermoë van die onkruid om vegetatief voort te plant. Bestaande besmettings kan egter chemies uitgeroei word deur dit met 'n oplossing van 2,4,5-TP in water te bespuit, verkieslik in die warm maande wanneer die plant aktief groei. Die middel behoort eers op die omtrek van die besette gebied aangewend te word om sodoende te verhoed dat die plante na aangrensende gebiede versprei. Vir verdere inligting aangaande die beheer van roseakaktus kan die naaste landbouvoorligter geraadpleeg word.